

30 Dae van Gebed vir die GEHEIME KERK

24 April – 24 Mei 2020



Geopende Deure

Bid vir die Moslem-wêreld hierdie Ramadan


Dankie! bl. 2 | “Die lewe kan moeilik wees, maar ek het Christus gevind”, bl. 3 | Bid vir die Moslem-wêreld, bl. 4-7 | Vas en bid saam, bl. 8 | Basbousa-resep, bl. 9 | Algemene vrae, bl. 10

Dankie dat jy by ons aansluit om vir ons vervolgte broers en susters, asook Moslems regoor die wêreld, te bid tydens hierdie Ramadan. Ons bid dat jy in jou geloofsreis versterk sal word terwyl jy vir hulle bid, net soos jy help om hulle te versterk deur jou gebede.

Jou gebede en ondersteuning wys ware liefde en toewyding aan gelowiges regoor die wêreld, wat vervolging in die gesig staar – en met Ramadan wat plaasvind vanaf 24 April tot 24 Mei, is jou gebede vir ons broers en susters in streke met 'n Moslem-meerderheid baie belangrik.

Hulle benodig nie net jou gebede vir hul beskerming en gemak in hierdie tyd van verhoogde vervolging nie, maar ook gebede van bemoediging om ander vir Christus te bereik.

Gebruik asseblief hierdie gids om jou gebede vir ons broers en susters in die Moslem-wêreld te rig gedurende die volgende maand.

Ons bid dat, terwyl jy hierdie maand saam met ons in gebed staan, die lig van Christus in die donker sal skyn namate ons broers en susters aanhou om die sout en lig te wees in van die donkerste plekke ter wêreld. 



“Die lewe kan moeilik wees, maar ek het Christus gevind”

Sofi* (23) van die Horing van Afrika het die Ramadan-rituele ywerig uitgevoer in die hoop om Allah se guns te wen. Alles het egter verander toe sy van Jesus gehoor het by h Christenvrou langs die pad.

“Sy het vir my h Bybel gegee en my aangemoedig om dit te lees.”

Sofi het die vrou se raad gevolg en geleer dat geregtigheid slegs deur Christus, genade en geloof plaasvind. Sy het toe h gemeenskap van gelowiges gevind en begin om hul byeenkomste in die geheim by te woon. *“Wanneer ek na dié byeenkomste wou gaan, het ek vir my familie gesê dat ek werk toe gaan.”*

Met die eerste Ramadan nadat sy tot bekering gekom het, het haar ouers reeds agtergekom dat sy nie vas nie. Hulle het haar agtervolg en ontdek dat sy h Christen geword het.

Haar ma het dit duidelik gemaak: “As jy nie vas nie, is jy nie meer my kind nie!”

Aangesien sy in h land bly waar jong vroue geen reg het om onafhanklik te leef nie, het Sofi geen ander opsie gehad as om die vrede te probeer bewaar deur voor

te gee om gehoorsaam te wees nie. *“Ek het gevas en selfs vir hulle die maaltye waarmee hulle die vas gebreek het, voorberei. Ek sou na my kamer gaan en voorgee om die salat uit te voer. Maar ek het eintlik tot Jesus gebid.”*

Ramadan is h gekompliseerde en eensame tyd vir Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond (GVM's) soos Sofi. Hulle is onder konstante druk om te vas en aan te hou voorgee. Geheime gelowiges kan geïdentifiseer word as hulle nie vas nie. GVM's wat jonk in hul geloof is, kan ook in die versoeking kom om weens eensaamheid en verlange na hul gemeenskap (broederskap) terug te keer wat hulle as gevolg van hul bekering verloor het. Hulle kan selfs aangeval word as hulle nie vas nie. Niemand behoort sulke druk en eensaamheid vir hul geloof te verduur nie.

Wanneer h mens Sofi vra hoe sy voel oor die komplikasies van haar nuwe lewe as h Christen, antwoord sy sonder huiwering:

“Ja, dis waar, die lewe kan moeilik wees, maar ek het Christus gevind. Ek geniet die emosionele vrede en rus wat ek deur Hom gevind het. En nou het die salat (gemeenskaplike gebed) betekenis. Dit is nie net vir my h ritueel soos tevore nie. Ek ontmoet Jesus regtig.”

Jy kan gelowiges soos Sofi ondersteun wanneer jy www.opendoors.org.za/ geheimekerk besoek.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

RAMADAN BEGIN

APRIL 2020

24 | MOSLEM-WÊRELD Vandag is die begin van die maandlange vas vir Moslems wêreldwyd. Hulle glo dat hulle geestelike belonings sal ontvang deur te vas. Bid dat die Evangelie wortel sal skiet in die Moslem-wêreld sodat baie aangetrek sal word tot Christus.

25 | ARABIESE SKIEREILAND Die Arabiese Skiereiland is die tuiste van sommige van Islam se heiligste plekke en strengste regimes. Dit is nie h maklike plek om Christus te volg nie, en tog werk God op wonderbaarlike maniere. Bid dat Christene in woord en daad h helder lig vir die Moslems rondom hulle sal wees.

26 | SAOEDI-ARABIË Volgens Islamitiese tradisies is Saoedi-Arabië die geboorteplek en finale rusplek van die profeet Mohammed. Hier is geen plek vir ander gelowe nie. Prys God dat Moslems ten spyte hiervan na Christus draai. Bid dat die waarheid van Christus deur visioene en drome aan baie meer Moslems geopenbaar sal word.

27 | OMAN Omani's beoefen h unieke soort Islam genaamd *Ibadhism*, wat h meerderheidsekte van Oman en meer verdraagsaam teenoor Christene is. Bid dat hierdie verdraagsaamheid teenoor Christene baie meer geleenthede sal skep vir Moslems en Christene om oor Christus te praat.

28 | VERENIGDE ARABIESE EMIRATE Evangelisasie word verbied, maar nie-Moslemgroepe word toegelaat om in bepaalde geboue of privaathuise te aanbid. Bid dat Christene h lewende getuienis vir Moslems in hierdie land sal wees.

29 | JEMEN Jemen het van die strengste interpretasie van Islam. Om Islam te verlaat om na h ander geloof te bekeer, word verbied. Tog het party Christene geword. Bid dat God die harte van baie Moslems vir die waarheid van die Evangelie sal oopmaak.

30 | KATAR Katar is een van slegs twee Wahhabi Islam (baie puriteinse weergawe van Islam) lande in die wêreld. Bid vir beskerming vir Christene in hierdie land en dat God aan hulle wysheid sal gee om met die liefde van Christus uit te reik na Moslems in hierdie land.

MEI 2020



1 | ISLAMITIESE ASIË In lande waar Islam die meerderheidsgeloof is, ervaar Christene vyandigheid van hul families, gemeenskappe, regerings en Islamitiese ekstremiste. Bid dat hierdie mense Jesus Christus as hul enigste Verlosser sal erken.

2 | BANGLADES Tot dusver het Bangladesj dit reggekry om weg te bly van die soort radikalisme wat ander dele van die wêreld oorweldig, maar dit is besig om te verander. Bid dat dit nie die groei van die Koninkryk in hierdie land sal belemmer nie, maar dat meer Moslems na Christus sal draai.

3 | MALEDIVE Alle burgers word geag as Moslems, en daar word verwag dat almal aan Islamitiese gebruike en gemeenskapsgeleenthede deelneem, soos om die plaaslike moskee te besoek. Enigeiemand wat gevang word dat hy dit nie doen nie, sal ondervra word. Bid vir Christene vir wysheid, en dat God hulle sal help om hierdie situasies te gebruik om sy Lig te wees in die duister.

4 | PAKISTAN Pakistan is die tuiste van 'n oorvloed Islamitiese groepe. Bid vir 'n bonatuurlike ontmoeting onder die land se mense, asook die radikale Islamitiese groepe, sodat hulle Jesus Christus se reddende kennis sal leer ken.

5 | BROENEI Daar is daagliks berigte in plaaslike koerante oor Islamitiese bekeerlinge wat geskenke en finansiële ondersteuning ontvang. In teenstelling word Christene glad nie toegelaat om te evangeliseer nie. Bid dat God Sy Kerk die wysheid en moed sal gee om in hierdie onregverdige omstandighede Jesus met ander te deel.

6 | INDONESIË Christenbekeerlinge vanuit Islam verkeer dikwels onder intense druk om hul geloof te versak. Bid dat hulle toegang tot Bybels en 'n Christelike gemeenskap sal hê sodat hulle versterk kan word om die druk te verduur. Bid dat namate hulle oor Christus dink, Moslems hul geloof sal begin bevraagteken.

7 | MALEISIË Die wetgewing identifiseer

MALEISIË vervolg

Maleiers as Moslem, wat beteken dat hulle nie die voorreg het om Islam te verlaat nie. Diegene wat egter ander gelowe beoefen, word verbied om dit met Maleisiese Moslems te deel. Bid vir verandering in Maleisië.

8 | MIDDE-OOSTE Die Midde-Ooste is die geboorteplek van die Christengeloof. Tog, in sommige areas vandag, is die Kerk byna uitgewis onder Islamitiese druk. Bid dat God die oorblywende Christene sal gebruik om aan te hou om die sout en lig te wees in hierdie streek.

9 | IRAK Afgesien van die uitdagings wat die kerkbediening en -leiers ervaar, staan hulle sterk om Jesus se naam te verkondig. Bid tot die Here dat hul voorbeeld vrede, eenheid in die Kerk en ontwikkeling in die land sal aanmoedig.

10 | AFGANISTAN Daar is amptelik geen plaaslike Christene in Afganistan nie, wat alle sigbare Christelike lofprysing gevaarlik maak. Bid dat die Evangelie sal aanhou om 'n weg te vind na die harte en huise van Moslems.



11 | JORDANIË In Openlike getuienis van geloof deur h Christen vanuit h Moslemagtergrond kan lei tot loesings, arrestasies en self die dood. Bid vir God se hand van beskerming oor hierdie Christene, en dat hulle h weerspieëling van Christus sal wees vir hul Moslem-familieled.

12 | SIRIË Christene vanuit h Moslem-agtergrond word veral onder druk geplaas deur hul families, omdat bekering h groot oneer oor die familie bring. Bid dat die Here die harte van hierdie Christene se families sal versag sodat hulle hul lewens sal wy aan Christus.

13 | SOEDAN Alle Christengemeenskappe in Soedan is bang om gesprekke te voer oor geloof met Soedanese Moslems, omdat dit beskou kan word as deel van h "daad wat afvalligheid teenoor Islam" aanmoedig. Bid vir geleenthede vir Christene om met Moslems te kan praat oor hul geloof, sonder enige teenreaksie.

14 | AFRIKA Islam is alreeds sedert die 7de eeu A.D. in Afrika teenwoordig, toe die profeet Mohammed verskeie van sy dissipels beveel het om skuiling te soek by die Rooi See, toe hulle vervolging ervaar het van politeïstiese inwoners van Mekka. Bid dat Moslems regoor Afrika wat na die waarheid soek, Christus sal vind.

15 | ALGERIË Dit word volgens die wet verbied om "h Moslem se geloof te skud" of om "verleiding te gebruik om h Moslem na h ander geloof te lok". Afgesien van hierdie beperking is die oes groot, maar die werkers min. Mag die Here mense roep en uitstuur om die Evangelie in Algerië te verkondig.

16 | EGIPT E In Egipte, veral in arm en landelike gebiede, raak radikale imams en minder verdraagsame klasse van Islam meer prominent. Die regering doen moeite om hierdie tendens om te keer, maar was tot dusver onsuksesvol. Bid dat God self die groei van hierdie tipe Islam in die land sal stop.

17 | LIBIË Die militêre konflik in Libië het die invloed van radikale Islamitiese denke help groei. Gevolglik het die anargie veroorsaak dat verskeie areas die tuiste is van radikale Moslems. Bid vir h einde aan die konflik in hierdie land, en dat stappe geneem sal word om die invloed van radikale Islam te minimaliseer.

18 | MAURITANIË Mauritanië is h self-geproklameerde Islamitiese Republiek. Hier verduur nie-Moslems intimidasie en vervolging, veral deur Islamitiese groepe. Bid dat afgesien hiervan, God aan hulle die moed en durf sal gee om die Evangelie met hul Moslemfamilies te deel.

19 | NAG VAN KRAG Die Nag van Krag is h hoogtepunt tydens Ramadan. Moslems glo dat op hierdie aand, die seën



NAG VAN KRAG vervolg

en genade van Allah in oorvloed is, en dat sondes vergewe word. Bid dat vanaand, terwyl hulle na vergifnis soek, talle Moslems die ware vergifnis van sonde deur geloof in Jesus Christus sal ervaar.



20 | MAROKKO Marokkaanse wetgewing kriminaliseer die “skud van h Moslem se geloof”. Dit stel baie Christene wat met ander oor hul geloof praat in gevaar om gearrester te word. Bid dat wanneer Moslems en Christene met mekaar praat, God h weg sal baan vir hulle om hul geloof te deel.

21 | TUNISIË Tunisiese gelowiges kom almal vanuit h Moslemagtergrond. Indien hul geloof aan die lig kom, kan hulle hul werk verloor, verwerp word deur familie en vriende, asook verbale en fisieke mishandeling in die gesig staar. Bid dat God hulle sal beskerm teen gevaar en dat Hy hulle sal gebruik om Sy Koninkryk in die land te laat groei.

22 | NIGER Tot onlangs was Niger in h mate gespaar van gewelddadige Islamitiese konflik en was die Kerk nie die hoofteiken nie. Bid dat namate dit aanhou verander, die Here aan Sy kinders veilige weë sal bied om te kan byeenkom en hulle sal toelaat om hul geloof met hul Moslem-bure te deel.

23 | SOMALIË As Al-Shabaab uitvind dat iemand h Christen geword het, sal die militante hulle dikwels daar en dan vermoor. Afgesien van die risiko's, kom Somaliërs tot geloof in Christus – sommige op wonderbaarlike maniere. Bid dat baie meer Somaliërs tot geloof sal kom, afgesien van die gevare.

RAMADAN EINDIG

24 | MOSLEMS WÊRELDWYD Hou aan om vir Moslems wêreldwyd te bid, namate Ramadan eindig. Bid dat waar saad geplant is deur die getuienisse van Christene rondom hulle, dit gevoed sal word en sal ontkiem in h lewensveranderende verhouding met Christus.



Vas en bid saam

In sommige plekke in die Moslem-wêreld vas en bid Christene om die liefde van Christus gedurende Ramadan aan Moslems te wys. Sommige reël selfs vir hulle kos en nooi hulle om aan die einde van elke dag die vas saam met hulle te breek.

Jy kan by hulle aansluit en 'n dag van gebed reël, of saam met jou kleingroep, kerk, vriende en familie vas:

1 Nooi jou vriende – Kies 'n datum gedurende Ramadan (24 April tot 24 Mei 2020) om jou byeenkoms te hou en nooi jou kerk, kleingroep en vriende om saam te kom. Stuur 'n epos of teksboodskap om mense na die byeenkoms te nooi.

2 Beplan jou byeenkoms – Maak voor die tyd vir elkeen 'n afskrif van die gebedspunte (bl. 9), sodat hulle gedurende die dag kan vas en bid. Beplan watter kos jy gaan maak wanneer julle aan die einde van die vas bymekaar kom. (Sien resepe op bl. 10.)

3 Geniet jou dag – Moedig jou groep aan om regdeur die dag te vas en te bid. Stuur in die oggend 'n teksboodskap aan jou groep om hulle te herinner waarom julle bid. Sluit die vas saam af in die aand.

4 Samel geld in – Help om Christene in die Moslem-wêreld te ondersteun en te onderhou om die sout en lig in hul gemeenskappe te wees, deur geld in te samel om hulle toe te rus en te bemoedig vir hul getuienis. Die geld wat jy insamel, sal hulle daaraan herinner dat hulle nooit alleen is nie. Sien bl. 11 vir meer inligting.



Jy kan só bid in hierdie kritieke maand:

- Bid dat wanneer Moslems meer tyd aan gebed en meditasie afstaan, die Here hulle sal help verstaan dat hulle slegs in Jesus verlossing kan vind.
- Bid vir kerke om maniere te vind om die liefde van Christus gedurende Ramadan met Moslem-bure te deel en vir die Evangelie om met vrymoedigheid verkondig te word.
- Bid dat Christene die liefde van Christus aan Moslems en GVM's in hul gemeenskappe sal oordra. Baie GVM's deel dat die liefde van Jesus hulle na Christenskap gelok het.
- Bid dat die Here se Gees onder Islamitiese radikale groepe soos Boko Haram in Nigerië, die Islamitiese Staat in die Midde-Ooste en talle ander regoor die wêreld sal werk om die duisternis te bind en lede na God se waarheid te lok.
- Bid dat ondersteuning sal instroom om te help om gelowiges in die Moslem-wêreld te beskerm, toe te rus en te bemoedig.





BASBOUSA (Egipte)

BESTANDELE

125g ongesoute botter
 ¾ koppie suiker
 2 koppies fyn semolina
 1 teelepel vanieljegeursel
 2 eiers
 200g Griekse joghurt
 1 teelepel bakpoeier
 Geblansjeerde gesplete
 amandels
 Skil van ½ halwe
 suurlemoen
 Fyngemaakte neutte om
 te bedien

STROOP

1½ koppies suiker
 1 koppie water
 1 eetlepel suurlemoensap

METODE

1. Voorverhit die oond tot 180°C (160°C indien oondwaaiër gebruik word).
2. Smeer ½ 30cm x 20cm koekpan.
3. Room die botter, suiker en vanieljegeursel tot dit lig en donsig is. Voeg eiers een-een by en klop tot alles goed gemeng is.
4. Sif semolina en bakpoeier en vou in die beslag in, terwyl dit met joghurt afgewissel word.
5. Gooi beslag in die koekpan en maak dit gelyk met ½ spatel. Plaas amandels in rye bo-op die koek.
6. Bak vir 30-35 minute, of tot goudbruin bo en wanneer ½ metaalpen skoon uitkom as dit in die middel van die koek gestek word.
7. Plaas intussen die suiker, water en suurlemoensap in ½ kastrol oor ½ medium hitte en bring tot kookpunt, terwyl die suiker geroer word tot dit oplos.
8. Laat vir 5-7 minute prut. Verwyder van hitte en laat staan om af te koel.
9. Gooi stroop oor die koek terwyl laasgenoemde nog warm is en laat staan om af te koel.
10. Bedien koek deur dit in vierkante of diamante te sny, met amandels in die middel. Versier met fyngemaakte neutte.

Algemene vrae

Wat is Ramadan?

Ramadan is die negende maand in die Islamitiese kalender, waarin Moslems vas en bid om nader aan Allah te wees. Moslems glo dat die eerste openbarings van die Koran gedurende Ramadan aan Mohammed gemaak is.

Waarom moet ons gedurende Ramadan bid?

Ons broers en susters wat in lande met 'n Moslem-meerderheid bly, het nie net ons gebede nodig vir hul beskerming en gemak tydens hierdie tyd van verhoogde vervolging nie, maar sal ook hierdeur bemaagtig word om ander vir Christus te bereik. Dit is 'n manier om Christus se liefde aan Moslems te wys, terwyl ons die Here vra om Sy lig in die duisternis te laat skyn. Saam kan ons 'n magtige beweging van God se krag begin.

Hoe help geldelike donasies Gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond?

By Geopende Deure hoor ons voortdurende stories van Moslems wat Jesus ontdek. Die vraag is egter: Wat gebeur volgende? Hoe ontwikkel hierdie nuwe gelowiges die fondasies van hul geloof sodat dit nie tydens vervolging sal wegval nie?

Aangesien beide die Kerk en vervolging groei, raak die behoefte om hulle toe te rus en te bemoedig ook groter, veral gedurende gevaarlike tye soos Ramadan. Jy kan vandag 'n impak

maak deur Christene in die Moslem-wêreld te help met noodsaaklike Bybels, dissipelskapsopleiding, vervolgingsvoorbereidingsopleiding en nog baie meer. Só kan hulle bemaagtig word om sterk te staan in hul getuïenis vir Christus.

Om hulle te help versterk, besoek www.opendoors.org.za/geheimkerk.



Beste vennoot van die vervolgte Kerk

Geopende Deure se stigter, Broer Andrew, het dit regdeur sy bediening duidelik gemaak dat ons nie teen enigiemand is nie, maar dat ons pro-Jesus is. Hy het ook gesê dat die woord ISLAM 'n akroniem is vir *I Sincerely Love All Muslims*.

'n Manier vir ons om liefde teenoor Moslems te toon, is deur gebed. En met Ramadan wat hierdie maand aan die gang is, besef ons hoe belangrik dit is om te bid – nie net vir ons broers enusters in Christus nie, maar ook vir Moslems. Christene ervaar toenemende druk om na Islam terug te keer, terwyl Moslems meer ontvanklik is vir die Evangelie terwyl hulle na die waarheid soek.

Gebruik hierdie gids en staan hierdie maand saam met ons in gebed vir ons broers enusters in die Moslem-wêreld en vir Moslems terwyl hulle Ramadan vier. Dankie vir al jou gebede en ondersteuning!

Saam in Sy diens



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Geopende Deure
Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

**Help om Christene in
die Moslem-wêreld te
beskerm dié Ramadan:**

*Gebruik jou foon se kamera of
'n QR-kode toepassing (app).



www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org



Vervolg  Maar nooit alleen.